



donkerhoekdata

Gebruikers Handleiding

**Skep van IRP5-lêers
om by SARS e@syFile
in te trek**

STAPPE VIR DIE SKEP VAN SERTIFIKATE & e@syFile CSV-LEER VIR DIE 2025 BELASTING JAAR

Weergawe 1.38.000 moet eers afgelaai word voor u met die IRP5 rekonsiliasie kan begin

STAP 1: Voltooi maatskappy inligting (Ander > G Maatskappy Inligting)

LET WEL: DIE VOLGENDE VERANDERINGE MOET ASSEBLIEF PER MAATSKAPPY VOLTOOI WORD.

Maatskappy Info > Maatskappy Detail

1. Gaan ETI, SIC & SDL na.
2. Merk SDL **slegs** aan as die maatskappy SDL aanspreeklik is. **Die SIC kode is verpligtend of u ETI eis of nie.**

The screenshot displays the 'Maatskappy Info' form with the following details:

- Maatskappy Detail** (selected tab):
 - Maatskappy/Werkgewer naam: Donkerhoekdata
 - Handels naam: Donkerhoekdata
 - Handelsklassifikasie: 0145
 - Nommers:**
 - LBS verwysings no.: 7200000000
 - WVF Werkgewer Verw.No.: [Empty]
 - Maatskappy Reg. no.: [Empty]
 - Maatskappy is SDL aanspreeklik: (Red arrow points here)
 - Totale skoonmaak (Balanse)**
 - Maak Totale skoon-Nie Belasting velde: [Empty]
 - Betaal strokies:**
 - Sit R50.00 kleingeld in betaalstrokie:
 - Grootste noot toegelaat in strokie: 200
 - IRP5/IB3(a)**
 - Werkgewer geniet diplomatieke vrywaring: [Empty]
 - IRP5 / IB3(a) nommer: 03000001
 - Opeenvolgende nommer reeks - begin by 00000001 aan die begin van elke nuwe belastingjaar. In gevalle waar die werknemer meer as een betaalstelsel het, moet verskillende reekse vir elke betaalstelsel gebruik word. Die eerste reeks moet begin by 00000001, die tweede by
 - ETI**
 - Maatskappy kwalifiseer vir ETI: (Red arrow points here)
 - SIC: 01210 Growing of grapes (Red arrow points here)
 - SEZ: [Empty]
- Buttons:** OK, Kanselleer, Genereer kode om LBS Verw. Nr. te verander

STAP 2: Stel belastingjaar periodes, en voer SARS Kodes in

Klik op IRP5 / IT3(a) > C SARS Kodes Invoer.

Kies die betaalperiodes vir die invoer van SARS kodes

Die onderstaande periode datums is slegs 'n voorbeeld. U sal asseblief die regte periode datums moet kies volgens die periode datums in u stelsel.

SARS Kodes

Belastingjaar	2025	
Reeks Betaalperiodes		
Vanaf Betaalperiodes	2024-03-10	2024-02-26
Tot Betaalperiodes	2024-08-25	2025-02-23

OK Kanselleer

- Kies die belastingjaar as 2025. Selekteer ook die korrekte betaal periodes, indien dié wat vertoon in die gegewe velde nie korrek is nie.
- Let wel, vir hierdie indiening moet u “Vanaf Betaal periode” as die eerste periode van die 2025 belasting jaar (Maart 2024 – **of die eerste betaal periode wat deel maak van die 2025 indiening**), en die “Tot betaal periode” as die laaste periode in Augustus 2024 (**of die periode tot wanneer die huidige indiening strek**) wees. Klik “OK” om voort te gaan.

SARS Belasting Kodes

**** Let daarop dat SARS kode 3607 (Oortyd) geldig is vir belastingjaar 2020, en vorentoe.**

SARS Belasting Kodes

Veld	Beskrywing	% Belasbaar	Datum Vanaf	Datum Tot	SARS Kode	SARS Kode Beskrywing	UFD
A81	Vr Rc 3601	+100	2024-03-10	2024-08-25	3601	Inkomste - Belasbaar	
A84	MensVlf Rc 3601	+100	2024-03-10	2024-08-25	3601	Inkomste - Belasbaar	
A88	SDL ER 1%		2024-03-10	2024-08-25			
A92	DT 1.5 Rc 3607	+100	2024-03-10	2024-08-25	3607	Oortyd	
A95	WCA Rc 3602		2024-03-10	2024-08-25	3602	Inkomste - Nie-belasbaar	
A97	Ink Bonus3601	+100	2024-03-10	2024-08-25	3601	Inkomste - Belasbaar	
A103	DT 1.75 Rc 3607	+100	2024-03-10	2024-08-25	3607	Oortyd	
A105	Nagskof NagteGewrk		2024-03-10	2024-08-25			
A106	Nagskof Loon 3601	+100	2024-03-10	2024-08-25	3601	Inkomste - Belasbaar	
A108	Ink Ekstra 3601	+100	2024-03-10	2024-08-25	3601	Inkomste - Belasbaar	
A110	Tot.UreGwrk		2024-03-10	2024-08-25			
A114	DT 2 Rc 3607	+100	2024-03-10	2024-08-25	3607	Oortyd	
A117	SatStukLoon	+100	2024-03-10	2024-08-25	3601	Inkomste - Belasbaar	
A121	TotOTUre Wk1		2024-03-10	2024-08-25			
A125	Produksie Rc .3601	+100	2024-03-10	2024-08-25	3601	Inkomste - Belasbaar	
A127	Afwesig Ure		2024-03-10	2024-08-25			
A128	PrintOpsie		2024-03-10	2024-08-25			
A130	AfwMTtoest Ure		2024-03-10	2024-08-25			
A132	TotOTUre Wk2		2024-03-10	2024-08-25			
A133	Stuk Ure		2024-03-10	2024-08-25			
A145	Ma StukRNDWk1		2024-03-10	2024-08-25			
A146	Ma Mikpunt W1		2024-03-10	2024-08-25			
A147	Ma Stuk Eenh Wk1		2024-03-10	2024-08-25			

OK Kanselleer Druk Kopieer Vorige Jaar Belasting Opstelling [SARS Kodes Beskrywings](#) Print destination Skerm

Die SARS kode lys hierbo is slegs 'n voorbeeld. U sal asseblief die SARS kodes op u stelsel moet aanpas na die regte SARS kodes volgens u skerm opstelling.

- Indien u die vorige belasting jaar Payroll Africa gebruik het, en reeds hierdie metode gebruik het om bogenoemde Sertifikate te genereer, klik op 'Kopiëer Vorige Jaar Belasting Opstelling'. Dit sal die opstelling van die vorige jaar oordra. **Let wel: Indien enige stelsel veranderinge deur die loop van die jaar aangebring is, moet u dit nagaan om seker te maak dat al die kodes nog van toepassing is. A.g.v veranderinge van SARS aangaande kodes – vra ons ook dat u asseblief seker maak dat die regte kodes gekies is. Die belasting opstelling kan gedruk word om die skermopstelling na te gaan indien daar enige onsekerheid is.**
- Die program vertoon alle velde wat tussen die geselekteerde betaal periodes bestaan het, tesame met hul veld nommers, beskrywings, persentasie belasbaar en periodes waartydens dit bestaan het.
- Om die betrokke velde se SARS kodes op te stel, dubbel klik op elke veld en selekteer eers die belastingkode tipe wat van toepassing is. Klik dan op die 'OK' knoppie.

Kies die Belasting Tipe

Kies die Belasting Tipe

Belasting Kode Tipe

Normale Inkomste

Toelae

Byvoordele

Enkelbedrae

Aftrekkings

Werkgewer Bydraes

Stel die Belasting Kodes op: Die betrokke kodes sal vertoon word. Klik op die spesifieke kode en dan OK.

Stel die Belasting kode

SARS Kode en Beskrywing

Geen Kode
3601 - Inkomste - Belasbaar
3602 - Inkomste - Nie-belasbaar
3603 - Pensioen - Belasbaar
3605 - Jaarlikse betaling - Belasbaar
3606 - Kommissie
3607 - Oortyd
3608 - Arbitrasietoekening - belasbaar
3610 - Annuïteit van Uittredingsfonds
3611 - Gekoopte annuïteit - belasbaar
3613 - Handelsbevoegdheidsbeperking
3614 - Ander uittredings enkelbedrae
3615 - Direkteursvergoeding (Slegs 2003 tot 2018)
3616 - Onafhanklike kontrakteurs
3617 - Arbeidsmakelaars
3618 - Enige kwalifiserende annuïteit wat op 'n gereelde basis betaal word uit 'n voorsorg
3619 - Arbeidsmakelaars IRP30
3620 - Direkteurs Fooie - RSA Inwoner NED (IB)
3621 - Direkteurs Vergoeding Nie RSA Inwoner NED [LBS]
3622 - Lang Diens Kontant Toekenning (Slegs van toepassing van 2023 JvA)

Kies die UFD Indikator

Kies die UFD Indikator

The screenshot shows a dialog box with the title 'Kies die UFD Indikator'. It contains four radio button options:

- Geen berekening op hierdie Inkomste bron
- Vaste persentasie van TOTALE PAKKET
- Hierdie Inkomste word TEN VOLLE in berekening gebring (nie tot.pakket)
- VERSKILLENDE PERSENTASIES op VERSKEIE Inkomste Bronne

At the bottom of the dialog box are two buttons: 'OK' and 'Kanselleer'.

- **Let wel** dat vanaf die 2017 Belasting jaar is die UFD Indikator nie meer van toepassing nie. Kies dus asseblief die eerste opsie, "Geen berekening op hierdie Inkomste bron", vir alle inkomste velde.
- Nadat al die betrokke velde teen 'n kode ge-allokeer is, klik dan op die 'OK' knoppie onderaan die skerm.
- **NB:** Indien SARS kode 3833 opgestel is, sal SARS kode 4584 se waarde in die IRP5 lêr gelyk wees aan SARS kode 3833 se waarde, soos per SARS se 'BRS' dokument. Dit is dus nie nodig om SARS kode 4584, vanaf belasting jaar 2025 en vorentoe, op te stel nie.

Kontak asb. u ouditeur / boekhouer indien u onseker is oor die verskillende SARS kodes.

Ons konsultante mag ongelukkig nie SARS kodes telefonies verskaf nie. Die korrekte invoere van SARS kodes is 'n klient se verantwoordelikheid, en nie die verantwoordelikheid van Donkerhoek Data nie!

STAP 3: Skep Sertifikate

Gaan na **IRP5 / IT3(a) > D Skep Sertifikate** om 'n sertifikaat vir elke werknemer te genereer.

IRP5/IT3(a) Sertifikate

IRP5/IB3(a) sertifikate - Alle Maatskappye

Belastingjaar:	<input type="text" value="2025"/>	Rekonsiliasie Periode	<input type="text" value="08"/>
Skep vanaf Werknemer No.	<input type="text"/>	Tot Werknemer No.	<input type="text"/>

Stoor na:

LET WEL: Hierdie opsie **MOET** uitgevoer word voordat die Lêer vir die SARS e@syFile sagteware geskep kan word.


- Dit is nie nodig om werknemer nommers in te voer as u alle werknemers se sertifikate wil skep nie.
- Selekteer die belasting jaar as 2025 en die Stoor opsie na Lêer. **Sertifikate mag onder geen omstandighede uit die payroll program gedruk word nie. Sertifikate mag slegs uit e@syFile gedruk word, en vir werknemers gegee word om na te gaan.**
- Die stelsel sal self-die Rekonsiliasie periode invul. Die syfer verteenwoordig die maand van indiening, m.a.w. vir die Augustus indiening sal dit 08 wees.
- Klik op 'Skep Nuwe sertifikate', onderaan die skerm.

Die volgende skerm sal vertoon. Klik asseblief op Yes.

IRP5 sertifikate ×


Die vorige sertifikate gedruk sal nou verwyder word. Is jy seker?

Die volgende skerm sal daarna verskyn - Klik asseblief op Gaan Voort.



- Die nodige berekening sal plaasvind en die sertifikate sal geskep word. Hierdie proses mag taamlik lank neem, aangesien die belastingjaar se syfers per periode per werknemer bereken word.
- Na afloop van hierdie proses, mag daar moontlik 'n fout verslag vertoon word met inligting aangaande werknemers wat aktief was in periodes, maar geen besoldiging ontvang het nie. Geen sertifikate sal vir hierdie werknemers geskep word nie, en u kan die boodskap toe maak of uitdruk, en voortgaan.
- Indien 'n boodskap vertoon dat daar werkers is wat geen inkomste belasting nommers het nie, verseker asseblief dat die werknemers se inkomste belasting nommers voltooi word. **Inkomste belasting nommers is verpligtend vir werknemers wat LBS betaal. U sal nie die EMP501 indiening op e@syfile kan voltooi, indien al die werknemers nie inkomste belasting nommers op hul sertifikate het nie!**
- Indien enige werknemer se inligting onvolledig is, sal 'n tweede fout verslag vertoon word. Maak seker dat u hierdie verslag stoor na lêer of uitdruk. Kontak dan asb. vir Donkerhoek Data sodat die foute eers reggestel kan word. Die skep van die sertifikate moet dan weer gedoen word.

Indien SARS kodes nie opgestel was nie, sal die volgende fout boodskap vertoon. Na die SARS kodes opgestel is, moet die bogenoemde IRP5 proses weer herhaal word.




Indien die onderstaande op u skerm vertoon, sal alle werknemer/s wat aanwysings nommers het, maar waar sekere verpligte velde nie voltooi is nie, reggestel moet word.

Hierdie moet reggestel word, voor die IRP5 proses weer herhaal kan word. Die onderstaande lys kan ook gedruk en gestoor word, om later reg te stel.

Indien u glad nie die onderstaande boodskap kry nie, beteken dit dat daar geen regstellings is wat moet gemaak word nie en u kan voortgaan met die res van die IRP5 stappe.

SARS Aanwysings inligting ontbreek. Sien asseblief die onderstaande rekords wat reggestel moet word, en kontak Donkerhoek Data vir bystand.

Nommer	Van	Naam	Aanwysing	Aanwysing Tipe
3	Demo	Demo	123	



Druk

Sluit

Om die bogenoemde regstelling te implementeer met 'n werknemer/s, kan u in u huidige periode gaan na Werknemers > E Bestuur Werknemer Aanwysings

- Werknemers
- Besoldigings Invoere
- Klok Stelsels
- Stukv
- A Werknemers Inligting
- B Stel Groepe Op
- C Mediesefonds Opstel
- D SARS Posadres Struktuur Werknemer Lys
- E Bestuur Werknemer Aanwysings**
- F Waarskuwing oor herindiensneming

Die volgende skerm sal vertoon:

Aanwysings

Vertoon slegs onvolledige Aanwysings

Naam	Interne Beskrywing	Aanwysings Nommer	Datum Uitgereik	SARS Inkomste Kode	Aanwysings Inkomste Bedrag	Aanwysings Tipe
3 - Demo Demo		123				0

Voeg By **Wysig** Verwyder Sluit

Om 'n werknemer/s se informasie te voltooi, klik op die Wysig opsie. Die volgende skerm sal dan vertoon:

8 - Demo Demo

Interne Beskrywing	Beskrywing
Aanwysings Nommer	123546
Datum Uitgereik	2023-07-11
SARS Inkomste Kode	3608
Aanwysings Inkomste Bedrag	50000
Aanwysings Tipe	L - Enkelbedrag Aanwysing

Sluit Opdateer

Die volgende verpligte velde moet voltooi word:

Interne beskrywing, Datum Uitgereik, SARS Inkomste Kode, Aanwysings Inkomste bedrag, en Aanwysings Tipe (L of F opsie), moet voltooi word. Na hierdie velde voltooi is, klik op die Opdateer opsie.

Die onderstaande informasie is slegs 'n voorbeeld:

8 - Demo Demo

Interne Beskrywing	Beskrywing
Aanwysings Nommer	123546
Datum Uitgereik	2023-07-11
SARS Inkomste Kode	3608
Aanwysings Inkomste Bedrag	50000
Aanwysings Tipe	L - Enkelbedrag Aanwysing

Sluit Opdateer

STAP 4: Skep Lêer vir e@syFile

Kliek op IRP5 / IT3(a) > E Skep lêer vir SARS e@syFile:

Skep elektroniese e@syFile lêer

Skep lêer vir SARS E@syfile

The screenshot shows a dialog box titled "Skep lêer vir SARS E@syfile". It contains three sections:

- Belastingjaar:** A dropdown menu showing "2025".
- Kies die maatskappy:** A list box with one item "1 - Donkerhoek Data" which is checked and highlighted in blue.
- Stoor Lêer in:** A file explorer showing the drive "c: [Windows]". The contents are "C:\", "africa", and "PA1". The "PA1" folder is selected and highlighted in blue.

At the bottom of the dialog are two buttons: "OK" and "Kanselleer".

- Selekteer die korrekte belastingjaar (2025) en maatskappye waarvoor die .csv lêer geskep moet word.
- Die .csv leer kan nou by die SARS e@syFile-sagteware ingetrek word.
- Vir die bogenoemde voorbeeld kan dié lêer gevind word in C:\Africa\PA1.
- Die lêer sal vertoon word met die maatskappy nommer, naam, data gids en IRP5.2025 (bv. 1-Donkerhoek Data_PA1_IRP5.2025)
- Hierdie lêer kan nou na u boekhouer gestuur word (indien hy / sy die IRP5-indiening namens u doen) of ingetrek word in e@syfile indien u die IRP5-indiening self doen.